PREEK
1 Julie 2007
Ds Freddie Schoeman

Psalm 23 is seker een van die geliefdste Psalms in die Bybel. En met goeie rede. Dit spreek van die grootste en diepste lewensprobleme wat mense ondervind op 'n helder, duidelike en direkte manier aan. Hierdie Psalm het al talle mense getroos, bemoedig en weer laat opstaan as hulle geval het.

Daar is sewe probleme in die lewe wat ons almal van tyd tot tyd ervaar wat deur hierdie Psalm aangespreek word.

Hierdie Psalm is vir gedoopte mense bedoel. Wanneer ons gedoop word, neem God ons aan as sy eie – Hy neem verantwoordelikheid vir ons. Ons word skape van die Goeie Herder. Gedooptes is deel van God se kudde.

Eerste probleem: Bekommernis

Daar is baie dinge wat ons bekommerd maak: ons werk, die situasie in die land, misdaad, ons kinders, ons huwelik, ons finansies, ons gesondheid ens. ens. Ons het *goeie* rede om bekommerd te wees! Enige goeie, redelike, nadenkende mens wat nie met sy kop in die wolke leef nie sal bekommerd wees. Die vraag is net: help dit om bekommerd te wees? Nee. Daar is drie probleme met bekommernis:

Bekommernis is …

Onproduktief: dit doen niks aan die situasie nie. Wiegstoel: baie beweging, gaan nêrens heen nie. Dis soos om in jou kar te klim en die petrol te trap sonder om dit in rat te sit – baie geraas maar weer eens gaan jy nêrens heen nie.

Dit verander nie verlede nie. Dit het ook geen effek op die toekoms nie. Dit maak ons net ongelukkig in die hede.

Onredelik: (Dom) Maak glad nie sin nie. Hoe meer jy jou bekommer oor 'n ding, hoe groter lyk dit – naderhand gaan haal jy die bobbejaan agter die berg en jy maak van molshoop 'n hele berg. Dit is ondredelik om bekommerd te wees oor iets wat jy nie kan verander nie. En as jy dit kan verander, verander dit – moenie tyd mors deur bekommerd te wees nie!

Ongesond: Ons liggame is nie gebou om bekommerd te wees nie. Dit maak mense letterlik siek. Dit gaan sit in jou maag en

veroorsaak maagsere en allerhande ander gesondheidsprobleme. Hoe vinniger jy kan ophou bekommer hoe gesonder gaan jy wees!

God se antwoord

Wat is God se antwoord op die probleem van bekommernis?

Die Here is my herder, ek kom niks kort nie

As ons weet die Here ons Herder is – dan is daar geen rede vir bekommernis nie. Wat doen 'n herder?

Sorg, beskerm, lei, help.

Tweede probleem: Uitbranding (Lewensmoegheid, sielsmoegheid)

Die lewe vandag is 'n dolle gejaag. Mense is ongelooflik besig. Selfs die kinders het 'n volgepakte program. Die druk om te presteer by die skool en by werk is besig om onmenslike afmetings aan te neem. En dan is ons nog betrokke by die hele klomp ander organisasies en aktiwiteite. Navorsing wys dat mense se "af"-tyd radikaal afgeneem het.

God se antwoord

Die oplossing:

Hy laat my rus in groen weivelde. Hy bring my by waters waar daar vrede is.

En ons vergeet om te rus. Die Here het die mense gemaak om ses dae te werk en die sewende dag te rus. Die Joodse Sabbatswet is natuurlik nie meer op ons van toepassing nie, maar die beginsel het nie verval nie. "Sabbat" beteken rus. Ons moet gereeld toelaat dat die Here ons na groen weivelde en na waters waar daar vrede is neem.

Ons moet die Here toelaat om ons na waters te bring waar daar vrede is.

Derde probleem: Beskadigde siel

Ons innerlike wat skade opgetel het.

Hoe doen ons sielskade op?

- Skuldgevoel (Wanneer ons iets gedoen het wat ander skade berokken het en ons nie van ons skuldgevoel ontslae kan raak nie.)

- Vergewe (Wanneer iemand ons te na gekom het en ons nie die persoon kan vergewe nie. Haat, bitterheid)

- Verlies (Wanneer ons iets of iemand verloor het en ons nie die verlies kan verwerk nie – diep droefheid, hartseer.)

Dit alles laat letsels op ons siel.

God se oplossing

Hy gee my nuwe (lewens)krag / Hy verkwik my siel (3a)

Die Here wil ons siel verkwik. Hy wil ons nuwe lewenskrag gee. Die Here sê: Kom na My toe. Ek wil jou siel heelmaak, ek wil die wonde aan jou siel verpleeg. Ons moet Hom toelaat om dit te doen.

Vierde probleem: Besluiteloosheid

Besluite kan ons maak of breek. Besluite bepaal sukses of mislukking. Ons neem besluite en dan bepaal ons besluite ons lewe. En ons weet dit. Daarom is dit so moeilik om 'n besluit te neem. Wat is die regte ding om te doen? In / Uit? Vashou / Los? Werk. Besigheid. Huwelik. Kinders. 'n Honderd en tien besluite wat ons elke week moet neem.

God se oplossing

Hy lei my op die regte paaie tot die eer van sy Naam (3b)

Die Here wil ons help. Hy wil vir ons 'n Herder wees. Ons met leer om te luister. Die NG Kerk is op die oomblik in 'n Luisterseisoen. Die Gees lei ons op drie maniere / ons hoor die stem van die Here op drie plekke:

- In die Woord (leerbaar)
- By mekaar (vertroue)
- Ander / tye, (deernis)
- Geleenthede (openheid)

Ons hoef nie besluiteloos te wees nie. As ons elke dag leer om te luister en dit inoefen, raak dit naderhand tweede natuur.

Vyfde probleem: Bangheid (Vrees)

Daar kom donker tye in almal van ons se lewens. Dis hoe die lewe is. Nie een van ons word dit gespaar nie. 'n Christen ook nie. Maar dis nie noodwendig net sleg nie. Donker tye is dikwels tye waarin ons God dieper leer ken, waar ons onsself leer ken (ons ontdek aspekte en eienskappe en kwaliteite van onsself waarvan ons voorheen nie geweet het nie). Donker tye is soms ook geleenthede waartydens ons lewenservaring en lewensvaardighede opdoen.

Maar *dit* gebeur nie wanneer vrees / bangheid oorneem – wanneer ons toelaat dat dit ons lewens regeer.

God se oplossing

Selfs al gaan ek deur donker dieptes sal ek nie bang wees nie, want U is by my. In u hande is ek veilig. (4)

Daarom is dit belangrik om ons gemoed stil te maak deur te vertrou op die Here – dat ons deur die vallei van doodskaduwee sal begelei. Ons moet altyd weet dat ons in die hande van die Here is – maak nie saak wat gebeur nie – en dit is veiligste plek om te wees. Ons met vertrou dat Hy vir ons die nodige krag en wysheid sal gee om moeilike situasies te kan hanteer.

Sesde probleem: Pyn en Seerkry

Die lewe het 'n geneigdheid om ons as mense te verwond. Dis nie 'n kwessie van of nie, maar wanneer en hoe en hoe erg. Ons kry seer in ongelukke, of deur siekte. Maar hoofsaaklik word ons seergemaak deur mense (onbewustelik / onbedoeld – met opset) – kwetsende dinge, steek ons in die rug, skinder van ons, kraak ons af. Stick and stones? Nee. Woorde maak seer.

Hartseer dat mense juis in die kerk die seerste kry!

God se oplossing

Maar kyk hoe genees die Here ons van ons pyn en seerkry?

U laat my by 'n feesmaal aansit terwyl my teenstanders moet toekyk, U ontvang my soos 'n eregas, ek word oorlaai met hartlikheid (U maak my hoof vet met olie, my beker loop oor.) (v. 5)

- Hoef nie self wraak te neem nie
- Hy salf ons – maak gesond (mense)
- Hy voorsien in ons behoeftes

Sewende probleem: Vrees vir die toekoms

Onsekerheid bring vrees – die toekoms is altyd onseker. (Nostradamus / Siener van Rensburg). Vrees vir die toekoms is dus heeltemal verstaanbaar. Maar dit kan ook so erg raak dat dit ons van ons lewenskwaliteit in die hede ontneem. Beangs dat ons nie die lewe kan geniet nie. Beroof ons van ons lewensgenot.

God se oplossing

U goedheid en liefde sal my lewe lank by my bly en ek sal tuis wees in die huis van die Here tot in lengte van dae.

Hierdie vers verseker ons dat die goedheid en die liefde van die Here by ons sal wees ons lewe lank. Dit beteken nie alles wat met ons gaan gebeur gaan goed wees nie. Daar gaan slegte dinge met ons gebeur. Maar niks wat met ons gebeur sal ons kan skei van die liefde van die Here nie. En Here sal alles te goede laat meewerk.

En: ons sal vir altyd – tot in lengte van dae – by die Here bly! Selfs die dood hou nie vir ons 'n bedreiging in nie. Al gebeur die ergste met ons – ons sterf – ons sterf in die arms van die Here.

- Bekommernis
- Besig wees
- Beskadigde siel
- Besluitneming
- Bangheid
- Broosheid (Pyn en seerkry)
- Beangs vir toekoms (Vrees vir toekoms)